



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 10

REKENINGKUNDE

JUNIE 2019

PUNTE: 200

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, insluitend hierdie een.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies versigtig deur.

1. Beantwoord al die vrae.
2. Beantwoord al die vrae in die spesiale antwoordboek voorsien.
3. Toon al jou berekeninge.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar nodig, toon al jou berekeninge tot een desimale punt.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids om die vraestel te voltooi. Probeer om nie daarvan af te wyk nie.

VRAAG 1: 25 punte; 15 minute	
Onderwerp:	Dit integreer met:
Rekeningkunde vergelyking	Ontleding van transaksies en Rekeningkunde vergelyking

VRAAG 2: 20 punte; 15 minute	
Onderwerp:	Dit integreer met:
Rekeningkunde Begrippe	AARP-Beginsels BTW

VRAAG 3: 55 punte; 30 minute	
Onderwerp:	Dit integreer met:
Begrippe, Salarisjoernaal en Interne Kontrole	Salarisskale en berekeninge Interne kontrole Loonjoernaal

VRAAG 4: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp:	Dit integreer met:
Algemene Joernaal en Grootboek	Begrippe Jaareind-aansuiwerings Handelsvoorraad en Verkope Rekeninge Interne Kontrole

VRAAG 5: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp:	Dit integreer met:
Debiteureversoening en Interne Kontrole	Debiteureversoening Debiteurelys Interne Kontrole

VRAAG 1: ONTLEDING VAN TRANSAKSIES**(25 punte; 15 minute)****INLIGTING:**

Davo Langley is die eienaar van Langley Verskaffers. Die onderneming gebruik 'n winsopslag van 25% op kosprys van goedere wat verkoop is.

GEVRA:

Ontleed die transaksies vir April 2019, volgens die antwoordboek wat voorsien is. Die eerste transaksie is vir jou as 'n voorbeeld gedoen.

Transaksies:

Aanvaar die banksaldo is te alle tye gunstig.

Eg. Betaal die water en elektrisiteitsrekening per tjek, R450.

1. M. Gloria stuur beskadigde voorraad terug met 'n kosprys van R2 400. Reik 'n kredietnota uit.
2. M. Gloria vereffen haar rekening van R2 200 minus 10% kontantkorting.
3. Die onderneming stuur R2 750 se goedere terug aan 'n verskaffer. Ontvang 'n debietnota.
4. Betaal posgeld uit die kleinkas, R45.

25

VRAAG 2: AARP-BEGINSELS EN BTW**(20 punte; 15 minute)****AARP-BEGINSELS**

- 2.1.1 Waarvoor staan die afkorting AARP? (2)
- 2.1.2 Identifiseer die AARP-beginsels wat in elk van die volgende gevalle van toepassing is:
- A. Items van waarde moet aangemeld word.
 - B. Finansiële inligting word altyd konserwatief aangebied.
 - C. Inkomste en uitgawes moet in die korrekte finansiële periode aangeteken word.
 - D. Die finansiële state word voltooi met die voorwaarde dat die onderneming in die nabye toekoms sal voortbestaan.
 - E. Alle bates moet teen hul oorspronklike kosprys getoon word. (5)

2.2 BTW: Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

2.2.1 BTW word aan die SAID betaal.

2.2.2 BTW staan vir Bates Toegestaande Waarde.

2.2.3 BTW betaalbaar = Uitset belasting – Inset belasting (3)

2.3 Bereken die ontbrekende bedrae (A – F) in die tabel hieronder deur 15% BTW te gebruik.

NO.	INLIGTING	BTW UITGESLUIT	BTW	BTW INGESLUIT
2.3.1	Fakture vanaf verskaffers ontvang	A	B	R575 000
2.3.2	Fakture aan klante uitgereik	R820 000	C	D
2.3.3	Kredietnotas aan klante uitgereik	E	R9 000	F

(10)

20**VRAAG 3: SALARISSKALE, BEREKENINGE, INTERNE KONTROLE EN LOONJOERNAAL (55 punte; 30 minute)**

Die volgende salarisskaal is vir Thuto Begue 'n administratiewe klerk wat by Josie Verskaffers werk, voorberei. Hy is op 1 Januarie 2010 in diens geneem.

48 000 x 4 800 → 57 600 x 5 200 → 68 000 x 5 500 → 84 500
--

3.1 Voltooi die tabel in jou antwoordboek en beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Voltooi die ontbrekende bedrae in die tabel gemerk (i) – (iii). (6)

3.1.2 Wat is Thuto se beginsalaris per maand? (2)

3.1.3 In watter jaar sal Thuto R57 600 verdien? (1)

3.1.4 Met watter % sal sy salaris aan die einde van die eerste jaar verhoog? (3)

3.1.5 Hoeveel jaar sal Thuto moet werk om 'n jaarlikse salaris van R84 500 te verdien? (2)

- 3.2 Gebruik die inligting wat hieronder voorsien is om die netto salaris vir Hlompho Saint vir Maart 2019 te bereken. (11)

INLIGTING:

Bruto salaris	R6 700 per maand
LBS	15% van die bruto salaris
Mediese Fonds	R4 200 per jaar
Pensioenfonds	8% van die bruto salaris
WVF	1% van die bruto Salaris

- 3.3 **Die eienaar van Josie Verskaffers is ontevrede met die produksie- vlakke van sy werknemers, daarom dreig hy om hul salarisse te sny.**

- 3.3.1 Is die optrede wat Josie Verskaffers oorweeg, toepaslik? Motiveer jou antwoord met EEN rede. (2)
- 3.3.2 Watter maatstawwe/aksies behoort deur die werkgever gevolg te word om die produksievlakke te verhoog? Verskaf TWEE punte. (4)

3.4 **LOONJOERNAAL**

Die volgende inligting is uit die rekords van Benjy Verskaffers geneem.

GEVRA:

Voltooi die Loonjoernaal van Benjy Handelaars vir die week geëindig 17 Mei 2019. **Moenie** die joernaal totaliseer **nie**. (24)

INLIGTING:

A. Normale tyd:

Die normale werksweek is 40 ure.

- T. Kgang verdien R50 per uur.
- M. Mothibe verdien R40 per uur.

Die klokkaarte van die werkers toon die volgende inligting:

- T. Kgang het 45 ure in totaal gewerk.
- M. Mothibe het 42 ure in totaal gewerk.

B. Oortyd word teen $1\frac{1}{2}$ keer die normale koers bereken.

C. Pensioenfonds:

- Die werknemers dra 8% van hul normale tyd by tot die pensioen-fonds.
- Benjy dra R1.50 by vir elke R1 wat die werknemers bydra.

D. WVF:

- Word bereken teen 'n koers van 1% van die normale tyd. Beide die werkgever en werknemers dra dieselfde bedrag by.

E. Vakbond:

- Dit is verpligtend vir alle werknemers om aan die JV Vakbond te behoort. Die bydrae is R9 per week.

F. LBS:

Gebruik die volgende belastingskaal om die LBS te bereken:

Vergoeding per week	Belasting %
1 600 – 1 899	10%
1 900 – 2 199	11%
2 200 – 2 499	12%

G. Benjy moet 1% van die bruto loon tot die vaardigheidsontwikkelingsfonds bydra.

55

VRAAG 4: ALGEMENE JOERNAAL, BEGRIPPE EN GROOTBOEK**(65 punte; 40 minute)**

Die volgende inligting is uit die boeke van Nosi Skryfbehoeftes geneem.

GEVRA:

4.1 Joernaliseer die volgende aansuiwerings op 28 Februarie 2019. Joernaal-omskrywings kan in die Algemene Joernaal weggelaat word.

(40)**INLIGTING:**

A. Voorlopige totale op 28 Februarie 2019

Algemene Joernaal			
Debiteurekontrole		Krediteurekontrole	
DT	KT	DT	KT
350	270	120	0

B Aansuiwerings op 28 Februarie 2019:

- Versekering is vooruitbetaal, R200.
- Water en elektrisiteit is nog nie betaal nie, R1 500.
- C. Khobe skuld R160. Die bedrag moet as oninbaar afgeskryf word.
- Die geweierde tjek van R140 is vanaf S. Peters ontvang. Hierdie bedrag is geboekstaaf. Die korting van R30 moet nog gekanselleer word.
- Huur inkomste beloop R39 000. Een maand se rente is vooruit ontvang.

- (vi) Die dak is teen 'n koste van R5 300 herstel. Die bedrag is verkeerdelik as grond en geboue geboekstaaf.
- (vii) Ontvang R4 400 vir rente op vaste deposito. Een maand se rente is nog ontvangbaar.
- (viii) Die volgende uittreksel het in die Vooraansuiweringsproefbalans verskyn:

Balansstaatrekening-afdeling	Debiet	krediet
Voertuie	100 000	
Toerusting	75 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie		30 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		30 500
Handelsvoorraad	74 000	

Bereken waardevermindering soos volg:

- Voertuie teen 15% p.j. op kosprys
- Toerusting teen 10% p.j. op verminderdesaldo-metode.

- (ix) Volgens die fisiese voorraadopname is handelsvoorraad voorhande R67 000 op 28 Februarie 2019.

4.2 Pas die definisie in kolom B by die begrip in kolom A. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die nommer in die antwoordboek.

NO.	KOLOM A		KOLOM B
4.2.1	Vaste bates	A	Verminder wins en dus verminder eienaarsbelang.
4.2.2	Eienaarsbelang	B	Vermeerder wins en gevolglik vermeerder die eienaarsbelang.
4.2.3	Bedryfsbates	C	Bedrae verskuldig wat binne 12 maande terugbetaal sal word.
4.2.4	Inkomste	D	Die waarde van die onderneming (totale bates – totale laste) op enige gegewe tyd.
4.2.5	Uitgawes	E	Bates wat na verwagting oor die korttermyn (minder as 'n jaar) in kontant omgeskakel sal word.
		F	Bates wat na verwagting vir 'n langtermyn (langer as een jaar) in die onderneming sal bestaan.

(5)

4. **ALGEMENE GROOTBOEK**
3

Die onderstaande inligting is uit die boeke van Tello Handelaars vir die maand geëindig 30 April 2019, geneem. Die onderneming gebruik 'n winsopslag van 100% op kosprys.

GEVRA:

4.3.1 Gebruik die inligting om die volgende grootboekrekeninge te voltooi:

• Handelsvoorraad (13)

• Verkope (5)

4.3.2 Tello Handelaars gebruik hul rekeningkundige rekords vir die berekening van hulle voorraad voorhande. Verduidelik kortliks hoe die voorraad voorhande bevestig kan word. (2)

INLIGTING:

Saldo's op 1 April 2019	R
Handelsvoorraad voorhande	20 600
Verkope	44 400

Kontantontvangstejoernaal

Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteurekontrole
?	?	7 000	3 380

Kontantbetalingsjoernaal

Bank	Handels-voorraad	Krediteure-kontrole	Debiteure-kontrole	Skryfbehoeftes
26 170	17 900	6 510	140	1 620

Debiteurejoernaal

Verkope	Koste van Verkope
8 800	4 400

Debiteure-afslagjoernaal

Debiteure-afslag	Koste van verkope
440	220

Krediteurejoernaal

Krediteure - kontrole	Handels-voorraad	Skryfbehoeftes	Verpakkings - materiaal	Diverse Rekeninge
18 400	5 990	1 500	2 300	8 610

Krediteure-afslagjoernaal

Krediteure - kontrole	Handels-voorraad	Skryfbehoeftes	Verpakkings - Materiaal	Diverse Rekeninge
1 900	?	175	155	1 000

VRAAG 5: DEBITEUREVERSOENING EN INTERNE KONTROLE**(35 punte; 20 minute)**

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Pinky Handelaars vir Mei 2019.geneem.

Aan die einde van die maand kon die Debiteurekontrole en die debiteurelys nie versoen word nie. As die interne ouditeur van Pinky Handelaars, is jy gevra om die probleem met die versoeningsproses op te los.

GEVRA:

- 5.1** Bereken die korrekte saldo in die Debiteurekontrolerekening deur 'n "+" teken te gebruik vir 'n toename of 'n "-" teken vir 'n afname en 'n "0" vir geen uitwerking nie. (11)
- 5.2** Voltooi die korrekte debiteurelys vir Mei 2019. (16)
- 5.3** Noem TWEE maatreëls wat 'n onderneming moet implementeer voordat hul krediet aan klante toestaan. (4)
- 5.4** Noem TWEE maniere waarop debiteure aangemoedig kan word om hul rekeninge betyds te betaal. (4)

INLIGTING:**A Saldo's van Pinky Handelaars op 1 Mei 2019:**

Debiteurekontrolerekening	R21 020
---------------------------	---------

B

Debiteurelys op 31 Mei 2019	R
M. Mary	3 810
P. Papers	4 790
G. Gordon	8 340
D. Daniels	2 690
	19 630

C Die volgende foute en weglatings is ontdek:

- (i) P. Paper se rekening moet as oninbaar afgeskryf word.
- (ii) 'n Tjek ontvang vanaf M. Mary vir R1 500 is korrek in die joernaal en algemene grootboek geboekstaaf, maar is nooit na sy persoonlike rekening oorgeboek nie.
- (iii) Die totaal van die verkopekolom in die Debiteurejoernaal is met R2 210 te veel opgetel..

Eksamen vraestel

- (iv) Die totaal van die Debiteure-afslagjoernaal is met R280 te min opgestel.
- (v) D. Daniels het goedere ter waarde van R1 110 teruggestuur, maar die boekhouer het dit verkeerdelik as 'n kredietverkope hanteer en dit dienooreenkomstig oorgeboek.
- (vi) Goedere is op krediet aan G. Gordon vir R2 440 verkoop. Dit is korrek in die joernaal en Algemene Grootboek geboekstaaf, maar is na sy rekening as R2 040 oorgeboek.
- (vii) 'n Tjek van R600 wat van D. Daniels ontvang was, is deur die bank geweier. Hy het R30 korting op hierdie betaling ontvang. Geen inskrywings is gemaak nie.

35

TOTAAL: 200 PUNTE